


HOËRSKOOL ROODEPOORT
AFRIKAANS EAT – KWARTAAL 3
KWARTAALTOETS



Eksaminator: M. Swanepoel
Moderator: C. van Niekerk, B. Oliphant

11 September 2015
40 punte
60 minute

Naam: **Memorandum**

Graad 8/_____

Instruksies:

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf asseblief in BLOU pen.
- Die vraestel bestaan uit twee afdeling:
 - Afdeling A: Leesbegrip (25 punte)
 - Afdeling B: Taal in konteks (15 punte)
- Skryf netjies en leesbaar.
- Sterkte!

A = _____
B = _____ **40**

Afdeling A
Leesbegrip

Vraag 1

Lees die teks “**Lekker Afrikaanse speurverhale vir ouer kinders**” en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Wie is die skrywer van die Lekkerbekkie-stories? [1]

Anna Emm

1.2 Noem enige TWEE bekende persone wat die stories op CD opgeneem het.
[1]

**Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-mart van der Merwe, Diaan Lawrenson,
Vicky Davis (enige twee)**

1.3 Wie is tans “die grootste vervaardiger van kinderstories in die land”? [1]

ANNA EMM (PTY) LTD

1.4 Watter speurreeks moet jy aankoop as jy nege tot veertienjariges in die huis het? [1]

Alexie Mol-speurreuks

1.5 Wat is ‘n “audio boek”? [1]

**‘n Audio boek is ‘n elektroniese weergawe van ‘n boek wat deur iemand
voorgelees word.**

- 1.6 Watter werk doen Alexie Mol se ouers?
Haal slegs **ENIGE TWEE WOORDE** aan uit die teks. [1]
“uitvinder” “kunstenaar”
- 1.7 Wat is Alexie Mol eendag wees? Haal slegs **EEN WOORD** aan uit die teks.[1]
“joernalis”
- 1.8 Wie lees die derde “Alexie Mol” voor? [1]
Anrich Herbst
- 1.9 Wat is die normale prys van **EEN** “Alexie Mol” audio boek? [1]
R130
- 1.10 Wat is die spesiale prys vir drie “Alexie Mol” audio boeke? [1]
R350
- 1.11 Wanneer sluit die aanbod? [1]
21 Julie
- 1.12 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. **Maak die sinne wat onwaar is, reg sodat hulle waar is.**
- a) Kleuters sal hou van Alexie Mol audio boeke. [2]
Onwaar, dit is speurverhale vir ouer kinders.
- b) Diaan Lawrence het die derde Alexie Mol boek voorgelees. [2]
Onwaar, Anrich Herbst lees die derde boek.
- c) Jy kan die Lekkerbekkie Tydskrif by CNA koop. [2]
Onwaar, jy kan dit slegs by ANNA EMM agente koop.
- d) “Alexie Mol en die slang in die gras” kos R110. [2]
Waar
- 1.13 Skryf 'n antoniem neer uit die teks vir die volgende woorde.
- a) jonger **ouer** [1]
b) minder **meer** [1]
c) kleinste **grootste** [1]
- 1.14 Skryf die volgende nommers uit in woorde.
- a) 2000 **tweeuisend** [1]
b) 14 **veertien** [1]
c) R110 **eenhonderd-en-tien rand/ honderd-en-tien rand** [1]

Afdeling A: 25 punte

Afdeling B

Taal in konteks

Vraag 2

Lees die instruksies en beantwoord die taalvrae wat volg.

Daar staan 'n groot ou boom met 'n dik stam op die sypaadjie. Die dogtertjie klim tot bo in die boom. Nou kan sy baie ver sien. Daar is baie dinge om te sien wanneer 'n mens bo in die boom sit. Maar wat sien die dogtertjie nou? Twee klein muisies kom al met die sypaadjie langs geskarrel. Maar dis nie gewone muisies nie – hulle het pienk rompies aan en klokkies aan hulle sterte! Hulle lyk baie haastig en verskrik. “Wat gaan ons maak?” roep hulle benoud uit. “Daar is 'n groot leeu met 'n harde brul agter ons aan! Ons moet 'n wegkruipplek vind – en gou!”

“Julle kan hier langs my kom sit,” sê die dogtertjie. “Hier bo in die boom. Hier sal die leeu julle nie kan vang nie.” Vinnig help die dogtertjie die muisie om tot bo in die boom te klim. Skaars het hulle gesit, of nog 'n vreemde ding gebeur! 'n Robot-man waggel al met die sypaadjie langs tot onder die boom. Hy kyk op en sien die dogtertjie op die tak. “Kan ek dalk ook daar by julle kom sit?” vra hy benoud. “Hier is 'n groot leeu met 'n harde brul in die strate, en ek wil nie dat hy my vang nie.”

2.1. Skryf die volgende sinne in die **verlede tyd**.

a) Daar staan 'n groot ou boom met 'n dik stam op die sypaadjie. [1]

Daar het 'n groot ou boom met 'n dik stam op die sypaadjie gestaan.

b) Daar is 'n groot leeu met 'n harde brul agter ons aan. [1]

Daar was 'n groot leeu met 'n harde brul agter ons aan.

c) Die dogtertjie help die muisie op. [1]

Die dogtertjie het die muisie opgehelp.

2.2. Skryf die volgende sinne in die **indirekte rede**.

a) Die dogtertjie sê: “Ek het gister twee klein muisies gesien.” [2]

Die dogtertjie sê dat sy die vorige dag twee klein muisies gesien het.

b) Die robot-man vra: “Kan ek ook daar by julle sit?” [2]

Die robot-man vra of hy ook daar by hulle kan sit.

2.3. Verbind die volgende sinne met die woord tussen hakies (**voegwoorde**).

a) Die robot-man wil in die boom klim. Hy wil veilig voel. (omdat) [1]

Die robot-man wil in die boom klim omdat hy veilig wil voel.

b) Die dogtertjie help die muisies in die boom. Hulle word nie deur die leeu gevang nie. (sodat) [1]

Die dogtertjie help die muisies in die boom sodat hulle nie deur die leeu gevang word nie.

c) Die dogtertjie klim tot bo in die boom. Sy kan baie ver sien. (daarom) [1]

Die dogtertjie klim tot bo in die boom daarom kan sy baie ver sien.

d) Die muisies het pienk rompies aan. Die muisies het klokkies aan hulle sterte. (en) [1]

Die muisies het pienk rompies en klokkies aan hulle sterte.

2.4. Skryf die meervoud en verkleining neer vir die volgende woorde.

a) boom [1] **bome** **boompie**

b) robotman [1] **robotmanne** **robotmanneljie**

2.5. Skryf die vergrotende trap neer van die volgende adjektiewe.

a) haastig [$\frac{1}{2}$] **haastiger**

b) vreemde [$\frac{1}{2}$] **meer vreemde**

c) dik [$\frac{1}{2}$] **dikker**

d) benoud [$\frac{1}{2}$] **benouder**

Afdeling B: 15 punte

Lekker Afrikaanse speurverhale vir ouer kinders!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Merwe, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

As jy 'n 9-14 jarige in die huis het, moet jy beslis vir jou die “Alexie Mol”-speurreeks op audio boeke aanskaf! Hierdie lekker lang luisterstories sal oud en jonk vir ure vasgenael laat luister – 'n ware skat vir enige Afrikaanse storieversameling!

Ontmoet vir Alexie Mol. Haar pa is 'n uitvinder en haar ma is 'n kunstenaar. Sy is seker dis omdat sy nie "normale" ouers het nie, dat sy so 'n bietjie weird is. Alexie Mol se grootste droom is om eendag 'n regte joernalis te word. Intussen laat haar nuuskierigheid haar dikwels in die moeilikheid beland...

Hierdie week slegs R350 vir al 3 avonture – slegs by ANNA EMM agente! Vir 'n agent in jou area kontak agente@annaemm.co.za, of bestel die audio boeke teen die normale prys by www.AnnaEmm.co.za | 021 930 0908



AFRIKAANSE SPEURVERHALE
vir 9-14 jariges

*Die 3de “Alexie Mol” avontuur is hier...
voorgelees deur ANRICH HERBST!*

Spesiale aanbod:
Kry “Alexie Mol en die slang in die gras” @ slegs R110
of
koop al 3 “Alexie Mol”
avonture vir slegs R350!
(Normale prys R130 elk)

Aanbod sluit 21 Julie!
Slegs deur agente.

Alexie Mol (joernalis)
ALEXIE MOL EN DIE SLANG IN DIE GRAS
Die derde Alexie Mol avontuur
AUDIO BOEKE VIR 9-14 JARIGES

Alexie Mol (joernalis)
DE VERSKYNING VAN 'N SPOOK IN DIE BIBLIOTEK
Die eerste Alexie Mol avontuur
AUDIO BOEKE VIR 9-14 JARIGES

Alexie Mol (joernalis)
DE VERONTING VAN MENEER MALAN
Die tweede Alexie Mol avontuur
AUDIO BOEKE VIR 9-14 JARIGES